LAERSKOOL Durbanville PRIMARY SCHOOL

Weyerslaan
Durbanville 7550

Telefoon 976 8115 Telephone

Weyers Avenue
Durbanville 7550

E-pos / E mail: office@durbieland.com

Omsendbrief 3/2021 11 Februarie 2021

Geagte Ouers

Hartlik welkom aan al ons ouers en leerders, in die besonder ons nuwe Durbies. Ons is saam met julle opgewonde oor jul tyd by Laerskool Durbanville en wat die toekoms vir julle inhou.

Soos reeds aan u gekommunikeer, is Laerskool Durbanville se unieke model deur mnr. Brian Schreuder, die Hoof van Onderwys in die Wes-Kaap, goedgekeur en mag alle leerders gelyktydig skool bywoon.

Deeglike beplanning en voorbereiding is die afgelope paar weke gedoen.

- Ons ondersteuningspersoneel, onder leiding van mnr. Stephen Nolan, was sedert 11 Januarie besig om die skool voor te berei. Dankie vir jul toewyding en trots.
- Onderriglokale is ingerig om die voorgeskrewe 1m by 1m sosiale afstand te handhaaf.
- Die skool sal op Vrydag, 12 Februarie, volledig ontsmet word. Baie dankie aan *Hygiene en Bugs* wat ons skool elke twee weke volledig (gratis) ontsmet.
- Alle rolspelers se gesondheid word deurgaans gerespekteer. Daar sal geen uitsondering op hierdie reël wees nie.
- Gehalte onderrig, d.m.v. ‘n holistiese benadering, is steeds ons fokus om hoë akademiese standaarde daar te stel. Effektiewe onderrig kan dus vanaf dag 1 plaasvind. Dankie aan al die onderwysers vir hul deeglike voorbereiding.

Daar is steeds baie veranderlikes en om u te probeer verseker en waarborg dat beplanning nie gaan verander nie sou onverantwoordelik wees. Dankie dat u dit verstaan en ons vertrou om aanpassings te maak soos aktuele sake opduik.

Ons wag steeds op die nuutste direktiewe vanaf die WKOD. Daarom kan ons nie met sekerheid oor die volgende kommunikeer nie:

- Eksamendatums.
- Ko-kurrikulêre program (sport- en kultuuraktiwiteite). Die huidge regulasies bepaal dat ons geen aktiwiteite op die gronde van die WKOD mag aanbied nie.
- Klubs en ander na-skoolse aktiwiteite.

Ons besef u wil persoonlike beplanning doen in dié verband en begryp u frustrasie. Ons onderneem om dit onmiddellik aan u te kommunikeer sodra ons dit ontvang.

Beskou die skool as u betroubaarste bron van inligting en kommunikasie. Sosiale media is ‘n wonderlike hulpbron, maar 2020 het gewys dat dit misleidend en onakkuraat kan wees.

Dit mag wees dat u nie bekend is met die verskil tussen **tuisonderrig** en **afstandsonderrig** nie, hiermee ‘n kort verduideliking:

Tuisonderrig (home schooling)

‘n Baie duidelike proses soos voorgeskryf deur die WKOD moet gevolg word. Dit behels onder andere dat u u kind by Laerskool Durbanville moet deregistreer en registreer by ‘n goedgekeurde instansie vir tuisonderrig. Aansoek om goedkeuring moet by die WKOD gedoen word, omdat alle kinders volgens die Suid-Afrikaanse Skolewet skoolpligtig is. Sou u wel hierdie roete oorweeg (tot ons spyt), raai ons u aan om deeglike navorsing te doen voor u so ‘n besluit neem.

Afstandsonderrig en -ondersteuning (distance learning)

Die WKOD het ‘n duidelike, voorskriftelike proses daargestel. Leerders wat nie skool toe kan kom nie as gevolg van komorbiditeite (onderliggende siektetoestande) sal 'n volledige doktersverslag (nie siekbriefie nie) by die skool moet indien. Op die verslag moet aangedui word wat die erns van die toestand is en of die leerder mag skool toe kom indien hy/sy 'n masker dra, hande was, sosiale afstand handhaaf en al die ander voorsorgmaatreëls nakom OF moet die leerder volgens die mediese praktisyn TUIS bly. In hierdie verslag moet ook aangedui word hoe lank die praktisyn al hierdie siekte van sy/haar pasiënt behandel.

Indien u u kind as ‘n komorbiditeitsleerder wil registreer moet u ons in kennis stel teen Vrydag, 12 Februarie voor 12:00. Die skool sal verder met u kommunikeer oor die proses vorentoe. **Gebruik asb. die volgende e-posadres: office@durbieland.com.** Ons maak staat op u toegewyde en eerlike kommunikasie aan ons.

Let wel dat u nie die proses hoef te herhaal indien u kind verlede jaar reeds by ons as ‘n kormorbiteitsleerder geregistreer is nie.

Die volgende is baie belangrik en u moet dit korrek interpreteer. Ons doen alles in ons vermoë om die skool ‘n risikovrye sone te maak en te hou. Sou u egter besluit om u kind tuis te hou wanneer die skool open, raak u kind se akademie / skoolwerk u volle verantwoordelikheid.

1. Toegang tot die skool

- Die skool moet streng opening- en sluitingstye handhaaf met betrekking tot leerders. **Leerders mag die skoolgronde slegs vanaf 07:00 soggens betree.** Ons het in die verlede ondervind dat daar leerders is wat reeds vanaf 06:30 in die donker buite die skool wag. Dit is ‘n veiligheidsrisiko en u kind bly u verantwoordelikheid. Normale skoolure sal van toepassing wees, dus 07:50 tot 14:10.
- Leerders sal slegs toegang tot die skoolgronde verkry deur die voetgangerhek by die hoofingang (Weyerslaan) asook die duikweg vanaf Van der Byllaan, vanwaar hulle aanmeld by die onderskeie toetsstasies. Let weer eens daarop dat **hierdie hekke slegs vanaf 07:00 soggens oop sal wees**.
- Leerders moet die voorgeskrewe materiaal-gesigmaskers dra voor hulle die skoolgronde mag betree. Geen leerder sal toegang tot die skoolgronde verkry sonder die dra van só ‘n gesigmasker nie.
- Besoekers (ouers ingesluit) mag slegs die skoolgronde betree indien u vooraf met die skool gereël het.
- Indien u die interkom by die hoofhek gebruik, sal mev. Amanda Jooste (ontvangsdame) eers vasstel wat die rede vir u besoek is en u dan toelaat tot die terrein.
- **Baie belangrik:** Alle besoekers moet by ontvangs aanmeld vanwaar hul voorgeskrewe

toetsprosedures moet ondergaan. Indien toetse aandui dat ‘n besoeker enige moontlike risiko inhou, sal versoek word dat hul die skoolgronde onmiddellik verlaat. Besoekers is verplig om gesigmaskers te dra voordat die skoolgronde betree mag word.

2. Skooldrag en etes

- U is nie verplig om maskers by die skool aan te koop nie. ‘n Beperkte hoeveelheid maskers is tans by die klerewinkel beskikbaar teen kosprys (R40). Leerders mag hul eie maskers dra, solank dit aan die algemene voorskrifte voldoen en die skool se etos respekteer.
- Maskers is in 2020 van die WKOD ontvang en ons sal vir elke gr. 4-leerder en nuwe leerders een masker gee.
- Elke leerder moet te alle tye in besit van 2 maskers wees, asook ‘n **spesiale sakkie/houertjie** met die leerder se naam en klas daarop. Sodra die een masker afgehaal word, om bv. te eet, moet dit in dié houer geplaas word en die nuwe/skoon masker moet na die ete gedra word.
- Leerders word aangemoedig om soos in die verlede hul eie **handreinigingsmiddel en sneesdoekies** byderhand te hou.
- Leerders bring hul **eie kos** skool toe.
- Die snoepie sal egter onder baie streng voorwaardes funksioneer. Kommunikasie hieroor volg binnekort.

3. Toetsing van leerders

- Ouers moet **voor die skooldag bepaal** of hul kind enige simptome van seisoenale of ander siektes toon. Siek leerders moet onder geen omstandighede skool bywoon nie. Dit geld vir enige siekte wat die kind dalk onder lede mag hê.
- Wanneer leerders die skoolgronde betree beweeg hul na een van die twee toetsstasies. 1.) Hoofingang of 2.) duikweg. By die toetsstasies word hul hande gereinig en temperatuur gemeet.
- Koors of hoë temperatuur word steeds as die primêre filter tydens sifting beskou.
- Leerders met ‘n koors van 38°C of hoër sal diskreet afgesonder word en na 5 minute weer getoets word. Indien ‘n leerder se koors steeds 38°C of hoër is, moet die leerder huis toe gaan.
- Om angs en spanning by u kind te voorkom, versoek ons u om die bostaande reëling aan u kind te kommunikeer en te verduidelik. Enige ander onderliggende siekte, bv. mangelontsteking kan ook tot ‘n verhoogde temperatuur lei.
- ‘n Ingerigte isolasiekamer (kamer 117 – lokaal agter die klerewinkel) sal vir afsonderings-doeleindes gebruik word indien die leerder vir ‘n ouer moet wag.
- Ouers wat hierdie leerders kom haal, meld by ontvangs aan. Hiervandaan sal hulle na die isolasiekamer vergesel word en die nodige dokumentasie voltooi.
- Addisionele toetsing van leerders (veral met betrekking tot die temperatuur van leerders) sou gedurende die dag weer toegepas kon word binne die diskresie van die skool.

4. Leerders wat gedurende die skooldag siek word

- Indien ‘n leerder gedurende die skooldag siek raak (bv. oorpyn, tandpyn), sal ouers gekontak word om hul kind te kom haal.
- Die leerder sal die klas verlaat en na die waglokaal (kamer 100) gaan totdat die ouers opdaag.
- Ouers meld by ontvangs aan om hul kind uit te teken, voor die kind die skoolgronde mag verlaat.
- Indien ‘n leerder deur die loop van die dag ‘n hoë koors ontwikkel, sal hy/sy na die isolasiekamer geneem word. Hierna sal dieselfde prosedure geld as vir ‘n leerder wat reeds vóór skool ‘n hoë temperatuur gehad het.

5. Klasruiling en prosedures :

- Leerders sal aan een spesifieke sitplek/bank toegewys word.
- Ons poog om beweging van leerders tot die minimum te beperk deur ondeerwysers te laat roteer.
- Klasse sal na afloop van die skooldag skoongemaak en ontsmet word. Leerders sal hiermee behulpsaam wees deur elkeen sy/haar eie sitplek te ontsmet. Elke leerder moet asb. sy/haar eie lap vir dié doel bring.
- Buiten die gemonteerde handreinigingsmiddel-toediener, is ontsmettingsmiddels vir banke en ander oppervlaktes ook in alle klasse beskikbaar.

6. Pouses

- Alle grade sal terselfdertyd pouse hê.
- Die speelareas vir grade is uitgebrei om te verseker dat sosiale afstand gehandhaaf word.
- Spesifieke grade sal aan spesifieke speelareas toegewys word om genoeg ruimte te verseker.
- Sosiale afstand tussen leerders moet tydens pouse gehandhaaf word.
- Daar sal deurgaans verskerpte en uitgebreide personeeltoesig op die speelterrein wees.
- Balspele en fisiese spele sal nie toegelaat word nie.

7. Dissipline

Ons werk met kinders en moet aanvaar dat hul oordeel nie altyd aan volwassenes se vereistes voldoen nie. Kom ons leer ook van respek, een van ons kernwaardes, in hierdie proses. Ons vertrou dat u ons hand sal neem deur u kind daagliks te oriënteer t.o.v. die volgende:

- pas streng selfbeheersing en -dissipline toe om te alle tye sosiale afstand te handhaaf,
- fokus daarop om maskers korrek te dra en te hanteer en
- beweging, sosialisering en klaskamergedrag sal slegs volgens die skool se gedragskode geskied.

U moet verstaan dat ons die bogenoemde streng gaan monitor en geen uitsonderings sal maak nie. Sou u kind hom/haar skuldig maak aan gereelde oortredings, wangedrag, of doelbewuste uitdaging van hierdie reëls, sal u kind tydelik afgesonder word totdat ons direk met u as ouer gekommunikeer het.

8. Verdaagtye

Om te verseker dat leerders nie almal op dieselfde tyd die skoolterrein probeer verlaat nie en samedromming te beperk is die volgende van belang:

- Leerders sal die skool kan verlaat by die hoofhek, duikweg asook die nasorghek.
- **Graad 4- en 6- leerders sal om 14:00 verdaag.**
- **Graad 5- en 7- leerders sal om 14:10 verdaag.**
- **Alle leerders moet die skoolterrein teen 14:30 verlaat.**

9. Nasorg

Die volgende geld vir die bywoning van nasorg:

- Na afloop van die skooldag sal nasorgleerders na die nasorgarea beweeg en “screening” sal weer plaasvind (reiniging van hande en temperatuur word gemeet).
- Leerders sal in groepe verdeel word. Dit sal verseker dat daar minder leerders per lokaal is om sodoende sosiale afstand te handhaaf.

- Kos sal steeds by die nasorg bedien word met die nodige voorskriftelike protokol en higiëniese riglyne in ag geneem.
- Indien ‘n nasorgleerder siek is/word sal hy/sy na ‘n geskikte wagarea beweeg en ouers sal versoek word om die leerder onmiddellik te kom afhaal.
- Die afhaaltyd vir leerders moet asseblief streng nagekom word (17:30).

Aan ons hele Durbie-familie, kom ons streef in 2021 om saam ons leerders holisties te ontwikkel in ‘n klimaat van liefde en geborgenheid. Kom ons wees opgewonde, optimisties en sien met entoesiasme uit na wat ons in 2021 kan vermag!

Durbie-groete

(Mev.) L. Jacobs	(Mnr.) T. Kriel	P. du Toit
ADJUNKHOOF (WAARNEMEND)	**ADJUNKHOOF**	**SKOOLHOOF**

DURBIES VIR ALTYD